

3 Mei

Die oomblik van waarheid

Skrifgedeelte: Genesis 48:8-22

Fokusgedeelte: Gen 48:19

Waarvoor wil jy onthou word? Hopelik vir iemand met ware liefde, getrouheid, geloofwaardigheid (deel van die vrug van die Gees, Gal 5:22) – deugde wat vir ander tot groter hulp sal wees as insiklikheid, gemaklikheid, “bederf” van kleinkinders.

Soos sy oupa Abraham, sterf Jakob gelowig. Maar sy afskeidseën vir sy kleinseuns veroorsaak ’n krisis. “Mens wil nou nie met die oubaas twis nie, maar Manasse, die oudste, verdien tog die voorkeuseën!” Ewe halsstarrig volhard Jakob: “Ek weet dit, maar ...” Hy is nie sommer moeilik nie, maar gelowig, vol van die Heilige Gees. As die oomblik van waarheid vir hom aanbreek, laat hy iets vir die familie na wat hulle altyd sal onthou: ons is daar vir God! Ons leef en sterf “suksesvol” as ons inpas by sy plan vir die koms van sy koninkryk – al pas dit nie in by menslike planne, tradisies, voorkeure nie.

Mense onthou wat by afsterwes gebeur – dis oomblikke van waarheid. Wie kan ooit vergeet: “My God, my God, waarom het U My verlaat!?” (Mark 15:34). Wat ’n waarheid: in die plek van gelowiges is Jesus hel toe! Nou kan hulle met waarheid op hulle lippe en in hulle harte sterf! Want na drie-uur klink uit die donkerte: “Dit is volbring!” (Joh 19:30) en uiteindelik: “In u hande gee ek my gees oor!” (Luk 23:46). Deur geloof verstaan ons die waarheid van daardie woorde, maar toe het mense nie verstaan nie: Jesus moes mos deur sy goddelike krag “die koninkryk van Israel oprig”.

Omdat ons glo, kan ons sonder vrees ons eie sterwe tot ’n oomblik van waarheid maak – tot vermaning of bemoediging vir ander wat vasgevang is in die greep van die wêreld. Ons kan betekenisvol leef – en sterf!

Sing: Skrifbelyning 1-1:7 (1936-belyning SB 24:7)

Ds. Chris Coetsee (emeritus)